



Legal Terminology: Criminal Law, Procedure and Evidence
ISigama saseMthethweni: umthetho woLwaphulo-Mthetho, weNkqubo nobuNgqina
Regsterminologie: Straf-, Strafproses- en Bewysreg

English-Xhosa-Afrikaans/isiXhosa-isiNgesi-isiAfrikaans/Afrikaans-Engels-Xhosa
Vertalend en Verklarend (SRTAT, JUTA, 2019)

Taal speel 'n sentrale rol om 'n persoon toegang tot regspleging te verleen. Die Grondwet van Suid-Afrika 1996 onderskryf hierdie voorveronderstelling deur beskuldigdes die geleentheid te gee om in 'n taal verhoor te word wat hulle verstaan. Artikel 35(3)(k) van die Grondwet verklaar: "Elke beskuldigde persoon het die reg op 'n billike verhoor, waarby inbegrepe is die reg om verhoor te word in 'n taal wat die beskuldigde persoon verstaan of, indien dit nie doenlik is nie, dat die verrigtinge in daardie taal getolk word". In dié geval speel die hof tolk 'n sleutelrol om te verseker dat die beskuldigde of getuie sinvol aan die verhoor kan deelneem deur inligting akkuraat te tolk. Dit sluit die tolking van regstaal in, wat – vir die meeste landsburgers – moeilik is om te verstaan. Enige taalleemte sal die beskuldigde of getuie effektief die reg tot geregtigheid ontnem.

Regstaal is een van die moeilikste vaktale en dit is dikwels slegs kundige regslui wat suksesvol kan kommunikeer omdat hulle die spesiale woordeskat (soms 'regsjargon' genoem) onder die knie het. Leke is geneig om te sukkel om die regstaal te verstaan. Die behoefte aan ondubbelsinnige kommunikasie in die teoretiese en toegepaste velde van menslike aktiwiteit, soos die regsprofessie, neem steeds toe. Terminoloë en vakspecialiste probeer om ondubbelsinnige bron- en doeltaalterme vir goed gedefinieerde begrippe te verskaf. Om dié doel te bereik, is dit noodsaaklik om die presiese betekenis van terme te bepaal ten einde gebruikers in staat te stel om dit te verstaan en op 'n universeel aanvaarbare en gestandaardiseerde wyse te gebruik. Die regswoordeboekreeks wat vervolgens bespreek word, handel oor regstaal op die terreine van *strafreg*, *strafprosesreg* en *bewysreg*, en is gemik op die oorbrugging van kommunikasieprobleme in 'n regsmilieu soos die hof.

Die *Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale* (SRTAT) se projek in Engels, Afrikaans en Noord-Sotho in straf-, strafproses- en bewysreg is begin as gevolg van die behoefte aan regsterme wat deur Noord-Sotho vertalers en tolke sover terug as 1985 ondervind is. Gedurende die algemene jaarvergadering van die *Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut* (SAVI), in 1985, het vertalers, tolke en ander beamptes van die destydse selfregerende state in Suid-Afrika naamlik aangedui dat hulle talle terminologieprobleme ervaar wanneer regsdokumente vertaal word, wetgewing vir die verskillende state opgestel word en daar in die hof getolk moet word aangesien regsterminologie in Afrikatale óf nie bestaan nie óf jammerlik ontoereikend is. Daar is besef dat, hoewel Engels en Afrikaans in daardie stadium die amptelike tale van Suid-Afrika was, die verskillende inheemse tale nie geïgnoreer kon word nie, maar 'n belangrike rol by die regsprosedure te speel het. Die probleem was egter dat die inheemse tale nie kon voldoen aan die eise wat aan hulle gestel is nie, aangesien regsterminologie in dié tale óf heeltemal ontbreek het óf, waar daar wel terme was, dit nie kompleks genoeg was om die regsbegrippe van moderne ontwikkelings te weerspieël nie.

In 1987 is 'n SAVI-werkgroep gestig onder die voorsitterskap van prof Chris van Schalkwyk. Die werkgroep het later in die **Komitee vir Regsterminologie in Afrikatale** ontwikkel met die doel om regsterminologie te versamel. Die Komitee staan sedert 1996 bekend as die **Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale (SRTAT)/Centre for Legal Terminology in African Languages (CLTAL)**. SRTAT het sy eie grondwet en word deur 'n uitvoerende dagbestuur beheer met prof. Giel Prinsloo as voorsitter, dr Victor Mojela (ondervoorsitter), dr Mariëtta Alberts (sekretaris), prof. Nina Mollema (tesourier-registrateur) en mnr. Seja Rapholo (skriba). Die lede van SRTAT en belanghebbendes ontmoet kwartaalliks om algemene sake te bespreek. Daarna kom die Noord-Sotho-komitee gewoonlik byeen om regsterme te bespreek wat in Noord-Sotho geskep is. Noord-Sotho is gekies as die eerste inheemse taal waarin terme vertaal moes word, omdat die destydse regering van Lebowa die eerste was om die aandag op die probleme te vestig wat reeds vermeld is.

SRTAT bestaan uit verteenwoordigers van verskillende dissiplines. Die lede van SRTAT is almal vrywillige werkers. Tans is daar verskeie lede uit die regsprofessie (bv. prokureurs, landdroste, hofolke), lede van die Justisie-opleidingskollege, en ook tolke, vertalers, akademici (van die Regsdepartemente, Afrikataaldepartemente en Taaleenhede van verskeie universiteite, lede van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad [PanSAT] {bv. lede van die Nasionale Taalliggame, Provinsiale Taalkomitees en Nasionale Leksikografiese Eenhede}), linguïste, terminoloë/terminograwe, navorsers, en antropoloë. Daar is ook verteenwoordigers van die Departemente van Justisie en van Onderwys.

Die samestelling van die regsterminologiedatabasis het baie jare geduur omdat alle lede vrywillige medewerkers is. Hoewel die aktiewe span van medewerkers gekrimp het, is daar steeds 'n toegewyde kerngroep medewerkers wat met die projek voortgaan.

'n Aansienlike geldelike bedrag is van die toenmalige Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DKKWT) vir die samestelling van die vakwoordeboeke bekom. Geldelike bydraes is ook van die Nedcor-Stigting, die Universiteit van Suid-Afrika en die Universiteit van Johannesburg ontvang.

Die TshwaneDJE-programmatuur, 'n databasisprogram wat in Suid-Afrika ontwikkel is, word vir die samestelling van die meertalige regswoordeboeke gebruik en tegniese ondersteuning word deurentyd van die TshwaneDJE-span ontvang.

Die eerste vakwoordeboek in hierdie reeks, naamlik die tweetalige, tweerigting, vertalende en verklarende regswoordeboek: ***Legal Terminology: Criminal law, Procedure and Evidence / Regsterminologie: Straf-, Strafproses- en Bewysreg*** is deur die *Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale* saamgestel en deur *Juta en Kie. (Edms.) Bpk.* op 10 March 2015 in Kaapstad gepubliseer. Die tweetalige woordeboek is eerste gepubliseer sodat dit in die tussentyd reeds deur regslui en taalpraktisyns gebruik kan word. Die Sentrum se doelwit is egter om die regsterme in al die amptelike tale te verskaf en daar is reeds ver gevorder met die saamstel van regsterminologie in al die Afrikatale.

Die tweetalige regswoordeboek het die volgende pryse ontvang:

- Die *Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI)* se *SAVI-prys vir Uitstaande Woordeboeke* (2015), Emperors Palace, Kempton Park, 1 Oktober 2015;
- Die *Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV)* se *ATKV-Woordwystoekening ('ATKV-Veertjie')* (2016), D'Aria-wynmakery, Durbanville, Kaapstad, 9 September 2016.

Die databasis van die tweetalige verklarende regswoordeboek oor straf-, strafproses- en bewysreg is sedert die 2015-publikasie aansienlik hersien en bygewerk. Aanpassings is aan sommige definisies aangebring as gevolg van

nuwe wetgewing (bv. ten opsigte van kinderswelsyn, prostitusie, huwelikstatus, die name van verskeie howe, ens.). Nuwe terme en definisies is ook tot die databasis toegevoeg.

Die Sentrum het sopas die eerste mylpaal ten opsigte van die meertalige doelwit bereik deur die publisering van die eerste drietalige, drierigting, vertalende en verklarende regsterminologiewoordeboek in die beplande Afrikatalereeks, naamlik die Engels/Xhosa/Afrikaanse weergawe: **Legal Terminology: Criminal Law, Procedure and Evidence / ISigama saseMthethweni: umthetho woLwaphulo-Mthetho, weNkqubo nobuNgqina / Regsterminologie: Straf-, Strafproses- en Bewysreg** (SRTAT, Juta, 2019). Hierdie woordeboek is vertalend en verklarend en die data word in drie rigtings aangebied sodat elk van die behandelde tale in 'n aparte afdeling as brontaal dien.

Die voorstukke van die drietalige regswoordeboek, wat o.a. gebruikershulp gee, word in al drie tale aangebied. Buiten die Engelse, Xhosa en Afrikaanse regsterme is etlike Latynse regsterme en -frases as lemmas in die vakwoordeboek opgeneem. 'n Sinopsis van die Latynse terme, met die Engelse, Xhosa en Afrikaanse vertalings, word aan die einde van die woordeboek aangebied vir vinnige verwysing. Ten einde meer inligting oor die regsbetekenisse van die Latynse terme te bekom, moet die onderskeie A-Z-afdelings van die vakwoordeboek geraadpleeg word. Die publikasie bevat ook 'n volledige bronnelys in die agterstukke van die vakwoordeboek.

Die teikengroep vir wie hierdie terminologie bedoel is, sluit regslui, tolke, vertalers, die opstellers van wetgewing, regstudente en Jan Alleman in. Die Sentrum se visie vir hierdie reeks regswoordeboeke is dat hulle gebruik sal word deur die sprekers van die amptelike Suid-Afrikaanse tale – om die betekenis van regsterme in hul eie tale na te gaan of om suksesvol met iemand in regsverband te kommunikeer wat enige van die amptelike tale gebruik.

Juta en Kie. (Edms.) Bpk. beplan om CD-Rom- en selfoonweergawes tot die regswoordeboekpublikasies te voeg. Die regswoordeboeke is ook volgens Juta daarvoor bestem om in e-boekweergawes uitgegee te word – dit sal die woordeboek ook versoenbaar en toeganklik maak vir toepassings vir gesiggestremde persone.

Mnr. Pumlani Sibula het die regsdata in Xhosa vertaal. Mnr. Sibula en van sy kollegas het op 6 - 8 Februarie 2006 terminologieopleiding ontvang wat deur dr Mariëtta Alberts by die Taalsentrum van die Universiteit Stellenbosch (US) aangebied is. Sedertdien was hy die redakteur van verskeie drietalige termlyste vir verskillende vakdissiplines wat by die US aangebied word. Hy is dus 'n gesoute terminoloog.

Mnr. Sibula was een van die beoordelaars wat deur die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI) aangestel is om woordeboekpublikasies te beoordeel toe die tweetalige regswoordeboek die *2015 SAVI-prys vir Uitstaande Woordeboeke* ontvang het. Hy was so beïndruk met die produk dat hy dadelik begin het om die voorstukke van die tweetalige regswoordeboek in Xhosa te vertaal. Hy het dr Alberts, die sekretaris van SRTAT, toe gekontak met die versoek om by die projek betrokke te raak en om die data in Xhosa te vertaal. Toestemming is daartoe verleen en hy het die hersiene en bygewerkte data ontvang. Hy was reeds vertrouwd met en het die TshwaneTerm-programmatuur vir ander terminologieverwante projekte gebruik en dit was nie nodig om opleiding aan hom te verskaf nie. Nie net het hy die inisiatief geneem om die regsdata in Xhosa te vertaal nie, maar hy het die taak met entoesiasme aangepak en met toewyding aan die projek gewerk. Die drietalige publikasie dien nou as aansporing vir die vertalers wat die regsdata in die ander agt amptelike tale vertaal.

Mnr. Sibula was ook verantwoordelik vir die finale redigering en proefleeswerk van al die Xhosa-gedeeltes van hierdie drietalige vakwoordeboek. Dr Alberts en mnr. Kallie Pauw was verantwoordelik vir die hersiening, bywerking, redigering en proeflees van die Engelse en Afrikaanse gedeeltes. Prof. Prinsloo, dr Alberts en prof. Mollema tree as eindkomitee op vir al die regswoordeboeke in hierdie reeks.

Woordeboektitels:

1. *Legal terminology: criminal law, procedure and evidence / Regsterminologie: Straf-, Strafproses- en Bewysreg (2015)*
ISBN: 978-1-48510-716-3
2. *Legal terminology: criminal law, procedure and evidence / ISigama saseMthethweni: umthetho woLwaphulo-Mthetho, weNkqubo nobuNgqina / Regsterminologie: Straf-, Strafproses- en Bewysreg (2019)*
ISBN: 978-1-48512-830-4

Navrae: Juta Customer Services: cserv@juta.co.za; www.jutalaw.co.za;

Opgestel deur: Dr Mariëtta Alberts
albertsmarietta@gmail.com
2019-12-10